Aon Hewitt
Healthcare

Welkom by Aon Hewitt

Aan die predikante van NG Kerk in Noord-Kaapland,

Aon Hewitt Gesondheidsorg

Aon Hewitt Gesondheidsorg verwelkom die NG Kerk in Noord-Kaapland as ‘n nuwe gesondheidsorg kliënt van Aon Hewitt vanaf 01 September 2015.

As ‘n gewaardeerde kliënt, bied ons u die volgende:

- 'n Trotse en professionele span om u te ondersteun met raad ten opsigte van al u gesondheidsorg behoeftes. Ons is trots op ons leuse: “Guide, educate and protect”.
- Gesondheidsorg advies en opleiding,
- Die “Aon Resolution Centre” om u as lid te ondersteun met navrae ten opsigte van u mediese skema wat u alreeds met hulle opgeneem het of enige vrae in terme van u voordele, ens..
- Individuele konsultasies met u aangestelde konsultant.

Leonie Fourie is die nasionale aangestelde konsultant vir die NG Kerk in Noord-Kaapland en is verantwoordelik vir die alledaagse dag-tot-dag bestuur van die dienslewering.

A**nilia Boshoff** (Bloemfontein Takbestuurder) is verantwoordelik vir gesondheidsorg advies, opleiding en om u op hoogte te hou van die mediese skema industrie en -skemas.

U diensspan wat na u behoeftes sal omsien bestaan uit die volgende persone:

Streek	Naam	Kontak besonderhede	Epos	Titel
Vrystaat en Noord Kaap	Anilia Boshoff	051 411 7614	Anilia.boshoff@aonhewitt.com	Bestuurder
	Leonie Fourie	051 411 7638	Leonie.fourie@aonhewitt.com	Administrateur
	Helen van Heerden	051 411 7635	Helen.van.heerden@aonhewitt.com	Konsultant

Die rol van Aon Hewitt as Konsultante

Aon Hewitt is die aangestelde Gesondheidsorg Konsultante vir die NG Kerk in Noord-Kaapland se predikante. Dit is ons rol as Aon Hewitt om leiding te gee ten opsigte van u mediese skema en opleiding te gee aan alle aktiewe lede wat op die mediese skema geregistreer is.

Dit is belangrik om te onthou dat die NG Kerk in Noord-Kaapland steeds op Discovery Health Mediese skema bly en dat daar slegs ‘n verandering is in konsultante en dat ons as Aon Hewitt die nuwe aangestelde konsultante is vanaf 1 September 2015 en wie se rol as volg beskryf word:

1. **Nuwe lidmaatskap (nuwe of bestaande werknemers)**

'n Aon Hewitt konsultant sal beskikbaar wees om alle nuwe predikante of bestaande lede behulpsaam te wees rakende advies om by die mediese skema aan te sluit. Die konsultant sal die lede se gesondheidsorg behoeftes bespreek en evalueer en die voordele van die verskillende opsies bespreek en die mees gepaste opsie aanbeveel, sodat die lede 'n ingeligte besluit kan neem rakende die mediese skema opsie.

2. **Mediese skema navrae**

Die konsultante is met tye uit die kantoor en kan u dalk nie onmiddellik antwoord op u navrae nie. Om te verseker dat u onmiddellike gehelp word, wil ons u aanmoedig om die Aon Hewitt se "Aon Resolution Centre" (ARC) te kontak met enige navrae wat u nie met Discovery uitgesorteer kry nie. Maak asseblief seker dat u eers vir Discovery kontak en 'n verwysingsnommer het aangaande u navraag. Hierdie verwysingsnommer benodig ons as u vir ARC kontak om die navraag met Discovery verder op te neem. Die kontaknommer vir ARC is **0860 835 272.**

3. **Byvoeging van afhanklikes**

Aon Hewitt sal ook behulpsaam wees indien u afhanklikes by u mediese skema wil voeg in terme van die stappe wat gevolg moet word en die nodige advies Dit is ook belangrik dat die nodige vorms volledig en korrek voltooi moet word en na die Sinodale kantoor vir aandag, Estha Badenhorst, gestuur sal word.

Let op dat hierdie vorms asseblief NIE direk na Discovery gestuur moet word nie.

4. **Jaarlikse jaareinde inligting en informasie sessies**

Op 'n jaarlikse basis, kondig Discovery hulle premie verhoging en voordeel veranderinge aan. As 'n lid het u dan 'n keuse om u opsie effektief vanaf 1 Januarie van elke jaar te verander, indien u huidige opsie nie voldoende is volgens u behoeftes nie. Aon Hewitt sal beskikbaar wees met opleiding sessies, waar lede ingelig word insake die veranderinge in voordele en premies. Ons staan u dan ook by met advies op u persoonlike opsie en behoeftes. Daar sal vroegtydig met u gekommunikeer word oor die datums en tye van hierdie sessies.

Aon Hewitt moedig predikante aan om hierdie sessies by te woon

5. **Sosiale Media**

Aon Hewitt kan gevolg word op Twitter en Facebook vir die nuutste gesondheidsorg inligting. Ons webwerf adres *www.aon.co.za* bevat 'n verskeidenheid inligting ten opsigte van mediese skemas en relevante industrie.

6. "**Gap Cover"**

Kontak Aon Hewitt by **086 0835 272 of u Bloemfontein kantoor by 051 411 7600** indien u meer inligting insake 'gap cover' benodig.

"AON RESOLUTION CENTRE" (ARC)

Die "Aon Resolution Centre" (ARC) is 'n kontaksentrum om ons lede by te staan met die uitsorteer van probleme in terme van eise wat lede met hulle mediese skema ervaar het. Met hierdie kommunikasie is dit vir ons belangrik om dit aan u te beklemtoon dat die "Aon Resolution Centre" nie die diens van u huidige skema, naamlik Discovery as Administrateur, se Inbel sentrum vervang nie. Die "ARC" was gestig met die doel om ons lede te ondersteun wat probleme met navrae en eise wat hulle nie opgelos kan kry met hulle skema, aan te spreek en effektief op te los.

Die “ARC” sal u kan help met die volgende navrae, indien u dit nie met Discovery kan uitsorteer nie:

- Onopgeloste navrae
- Probleme met betaling van eise
- Uitklaar van voordele en administratiewe prosedures
- Uitklaar van die jaarlikse veranderinge in voordele en opsies
- Dispute met mediese skemas, administrateurs of diensverskaffers

Die stappe om te volg om van hierdie unieke diens gebruik te maak, is as volg:

STAP 1 – MEDIESE SKEMA

As u ‘n mediese skema navraag het, kontak eers die skema direk:

Discovery Health Mediese Skema	0860 998 877

ONTHOU ASSEBLIEF OM DIE KONSULTANT TE VRA VIR ‘N VERWYSINGSNOMMER IN TERME VAN U NAVRAAG.

STAP 2 - AON RESOLUTION CENTRE

Nadat u, u navraag gerig het aan u mediese skema en u mediese skema het u nie ‘n aanvaarbare antwoord verskaf nie, kan u die navraag dan aan ons “ARC” rig. U kan ons of kontak deur te skakel, te faks of ‘n epos te stuur met ‘n kort beskrywing van die navraag en die verwysingsnommer wat u vanaf Discovery ontvang het:

Tel: 0860 835 272 (0860 TEL ARC)
E-mail: arc@aon.co.za
Fax: 086 505 9324

STAP 3 – Aon Hewitt

Indien u die bogenoemde stappe gevolg het en u het nie terugvoer ontvang vanaf ons span nie, kontak asseblief vir Anilia Boshoff by 051 – 411 7614 of Anilia.boshoff@aonhewitt.com of die “Aon Resolution Centre” Spanleier Bestuurder , Elaine Broodryk at elaine.broodryk@aonhewitt.

Ons sien uit daarna om tot u diens te wees.

Vriendelike groete

Anilia Boshoff | Gesondheidsorgbestuurder
Aon Suid Africa (Ltd) Bpk | Aon Hewitt | Gesondheidsorg
1ste Vloer, Zastronstraat 160 | Westdene | Bloemfontein | 9301
Posbus 12470 | Brandhof | 9324
t +27 051 411 7600 | f +27 051 447 0119 | m +27 083 272 7799
anilia.boshoff@aonhewitt.com | www.aon.co.za

Aon Suid Afrika (Edms) Bpk is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensteverskaffer / FSB Lisensie #20555
www.aon.co.za| linkedin | twitter | facebook

Risk. Reinsurance. Human Resources.

Empower Results®